**Huiswerkvel 6 (Hoofstuk 3)**

1. Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:

1. Die onderwyser beveel: “Jongmense, luister na julle ouers.” (2)
2. Thabo het gevra: “Het julle gister die volkslied gesing?” (2)
3. Isha vra: “Waar is Binnelandse Sake?” (2)
4. Arnold het gesê: “Ek is nou honger.” (2)
5. JJ sê: “Ek gaan die *uBuntu*-meisie op die internet soek.” (2)

2. Skryf die volgende sinne in die direkte rede:

1. Die ma beveel haar kinders om die TV af te skakel. (2)
2. JC het gevra wie die volgende dag ŉ koerant gaan koop. (2)
3. Wouter sê dat Suid-Afrika uit die foute van die verlede moet leer. (2)
4. Victor sê dat hy vinnig sy ID gekry het. (2)
5. Samantha het gesê dat hulle daardie dag ŉ e-pos ontvang het. (2)

3. Gebruik jou kennis en pas kolom A by kolom B

| | |
|---|---|
| 1. antonieme | A. bly / gelukkig |
| 2. homofoon | B. Hy is ŉ slang. |
| 3. eufemisme | C. Ons reis oorsee.<br>My ma kook rys in die pot. |
| 4. metafoor | D. wit / swart |
| 5. sinonieme | E. Ek haat elke oomblik van die eksamen. |
| 6. gevoelstaal | F. Hy lui die klok.<br>Hy is baie lui. |
| 7. vergelyking | G. My ouma is oorlede. |
| 8. idiomatiese uitdrukking | H. Ek is so pap soos ŉ battery. |
| 9. stereotipe | I. Hy het lang vingers. |
| 10. homoniem | J. Amerikaners weet niks van ander lande nie. |

(10)

4. Skryf die volgende sinne in die negatiewe vorm:

1. Hy sal alles verkoop. (1)
2. Jake het nog kaartjies vir die rugbywedstryd. (1)
3. Ella het al ŉ kaartjie gekoop. (1)
4. Suzie stuur vir iemand ŉ e-pos. (1)
5. Sit asseblief stil! (1)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.